

16 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 27:32-50 (NAV)

### Die laaste versoeking weerstaan

Die gespot wat Jesus moes deurstaan, gryp 'n mens aan. In Kajafas se paleis het omstanders Hom in sy gesig gespoeg en Hom met die vuig geslaan (Matt 26:67). Die Romeinse soldate het hul eie spot-spel met die veroordeelde Jesus gespeel (Matt 27:29). Maar hier op Golgota het die gejou en gespot 'n sataniese hoogtepunt bereik. Die kruisdood was een van die mees onmenslike maniere om te sterf. Aanstons sal die donkerte oor die landskap toesak en sal Jesus in die dieptepunt van sy lyde dit uitkerm: "My God, my God, waarom het U My verlaat?"

Tussen die geroesemoes deur dreun die stemme van die omstanders: "Red jousef as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!" Ook die familiehoofde en skrifgeleerdes dra hulle deel by: "Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo!" Selfs die rowers hier langs Hom spot: "Is jy dan nie die Christus nie? Red jousef en ons ook!" (Luk 23:39).

Onthou jy die versoeking in die woestyn deur Satan? (Matt 4:1-11). Nou, in die swaarste deel van sy lyde, probeer Satan Jesus vir oulaas keer om nie die volle pad van smart te loop nie. Maar Hy het! 'n Paar uur later kon Hy triomfantlik uitroep: "Dit is volbring!" Hy het die onbeskryflike duur prys vir jou en my sondes betaal!

Vrygekoopte sonde, vertel jy met jou hele lewe hoe dankbaar jy is?

*Sing: Skrifberyming 6:4,5,6*

*Ds APC Duvenage (Emeritus)*